Sport

Gabriella sê ouer spelers stryd aan

Die 12-jarige Gabriella Broadfoot het onlangs die Suid-Afrikaanse o.14-enkelspeltitel verower. Foto: REG CALDECOTT

Wilhelm de Swardt

As jy na een van die bekende vrouetennisspelers vernoem is, moet dit seker nie 'n verrassing wees as jy 'n behendige raketswaaier is nie.

Die 12-jarige Gabriella Broadfoot (Tuks-tennisakademie) het onlangs die Suid-Afrikaanse o.14-enkelspeltitel verower.

Haar ma, Hendra, vertel dat sy na die Argentynse vrouespeler, Gabriela Sabatini, vernoem is. Vir die wat nie weet nie, Sabatini was in die laat 80's en vroeë 90's een van die wêreld se voorste spelers. Sy was ook allerweë as een van die mooistes beskou.

Nie dat dié feite vir Broadfoot saak maak nie. Sy het net een doelwit en dit is om in eie reg as goeie speler gereken te word.

Dit is hoekom sy nou reeds teen ouer spelers meeding.

Vroeër vanjaar het sy 'n plaaslike o.16-toernooi gewen. Sy is ook gelukkig om minstens een keer per jaar internasionaal deel te neem.

'n Verbasend volwasse Broadfoot is gou om te verduidelik dat een seker manier waarop sy beslis sal aanhou verbeter, is as sy teen ouer en sterker spelers speel. Die plan is om aan die einde van die jaar, wanneer sy 13 is, teen o.18-spelers te speel.

In die paar minute wat 'n mens met haar gesels word dit gou duidelik dat tennis 'n ware passie vir haar is. Sy vertel dat die Spaanse tennislegende, Rafael Nadal, een van haar helde is. "Wat ek van Rafael waardeer is sy weier-om-op-te-gee-gesindheid waarmee hy elke wedstryd speel. Hy sal alles gee tot en met die heel laaste punt van elke wedstryd. Dit is iets waarna ek ook streef," sê Broadfoot wat as vierjarige die eerste keer begin tennis speel het.

Broadfoot reken haar sterkpunt as tennisspeler is haar fiksheid.

"Ek hou daarvan om balle op die baan te jaag. Hoe langer ek 'n houeverwisseling kan uitrek, hoe lekkerder raak dit vir my. Ek wil my teenstander as't ware moeg speel."

Prince Madema (Tuks-tennisafrigter) sê een van die redes waarom Broadfoot meer wedstryde wen as wat sy verloor, is dat sy in haar eie vermoëns glo.

"Ek glo daarin dat enige speler wat toernooie wil wen 'n klein bietjie 'windgat' moet wees. Dit bly altyd 'n fyn balans, want wanneer 'n speler te veel selfvertroue het, kan dit weer gebeur dat hulle in 'n gemaksone verval en daardie hongerte om die beste te wil wees nie meer daar is nie.

"Gabriella moet altyd onthou enige speler is net so goed soos die laaste wedstryd wat sy gespeel het. Die feit dat sy 'n nasionale kampioen is, tel niks wanneer sy haar volgende wedstryd speel nie."

Madema bestempel die krag waarmee Broadfoot 'n bal kan moker as haar sterkpunt.

"Partykeer is dit moeilik om te glo dat 'n 12-jarige 'n bal so hard kan slaan. As jy nie sien wie die bal slaan nie, sal jy dink dis 'n 16- of 18-jarige wat speel.

"As afrigter is my uitdaging om te verseker haar tegniek is in die volgende twee jaar amper perfek sodat ons wanneer sy 14 is daaraan kan begin werk om haar taktiese vernuf op te skerp."